Wash-up!

Pure heart:
https://www.youtube.com/watch?v=cUaovHifhpI

Mark 7:
https://www.youtube.com/watch?v=d1Uz5Pxdq5o

Toe jou ouers klein was, was die vraag: “het jy jou hande gewas?” nie ‘n vreemde vraag nie, want sien, hulle het al te lekker buite in die modder gespeel. Almal kon sien hulle was regtig vuil. As hulle nie hulle hande gewas het nie, het hulle kos soos modder geproe! Jig! Dit was dus ‘n goeie reël!

Oral waar ons vandag gaan sien ons hierdie tekens.
Dit is die nuwe reëls wat ons **moet** gehoorsaam.

Weet jy dalk hoekom ons die reël moet gehoorsaam?

In die Bybel lees ons van mense wat vergeet het hoekom daar reëls en wette deur God ingestel is. *Lees Markus 7 vers 1-30. (die Nuwe Lewende Vertaling Bybel of die Bybel vir Kinders lees baie makliker vir kinders) Of kyk die video* https://www.youtube.com/watch?v=d1Uz5Pxdq5o

Het julle geweet God het ook reëls? Ons lees van die reëls in die ‘Wet boeke’. Dis nou die eerste vyf boeke van die Bybel. God het vir Moses die Tien Gebooie gegee asook omtrent 613 reëls of wette om vir Sy volk te leer. Dink jy, jy sal 613 reëls kan onthou? Soms is dit moeilik om net een van die reëls by die skool of by die huis te onthou en gehoorsaam, wat nog van 613?

Afgesien van die wette was daar tradisionele tradisies wat die volk moes gehoorsaam het. Die tradisies was nie wette nie, maar dit kon net sowel gewees het. As jy nie die tradisie nagekom het nie, kon jy dalk nie saam met jou vriende en bure eet nie, of met die persoon trou waarmee jy graag wil trou nie.
Om die 613 wette almal te volg, moes die Jode die wette bestudeer en oefen. En dan was daar ook al die tradisies, wat hulle moes leer en oefen. Sjoe! Daar is soveel tyd bestee aan die aanleer van wette en tradisies dat baie mense die belangrikste rede vir die wet vergeet het.

Om lief te hê.

Jesus het gesien die Fariseërs en Skrifgeleerdes weet nie meer hoekom daar reëls en wette is nie. Daar was geen liefde in hulle harte nie. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes was die mense wat kon lees en skryf en hulle moes vir die mense leer van **God se wet, Die wet van liefde**, maar hulle was liewer vir die be-oefening of die doen en beheer van die godsdiens, as die God wat die wet gegee het. Hulle was so lief vir wette hulle het sommer ‘n hele paar van hulle eie gemaak.

Vir die Fariseërs was die tradisie om jou hande skoon te was baie belangrik.
Vir Jesus was ‘n skoon hart meer belangrik. Jesus weet dat ‘n skoon hart het plek vir liefde.

God het vir ons die Tien Gebooie as **tien lewensreëls** gegee, nie as tien wette nie. Die Here vra dat ons volgens die Tien Gebooie sal leef **omdat** ons dit wíl doen, **omdat** ons baie lief is vir Hom, en nie omdat ons dit móét doen omdat ons vir Hom bang is nie.

1. Die eerste deel van die Tien Gebooie – die eerste vier gebooie handel oor ons verhouding met die Here.
2. Die tweede deel van die Tien Gebooie bevat die ses lewensreëls wat ons help om mekaar lief te hê soos die Here van ons vra.

Liefde bind die 10 lewensreëls saam.
Liefde is ‘n koninklike wet wat ons Koning gegee het.

Dink so daaraan:

Ek wil nie “OMG gebruik nie, **omdat** ek vir God lief is en dit Sy hart seermaak as ek Sy naam as ‘n vloek woord gebruik.

Ek wil nie my maat se potlood steel nie, **omdat** ek vir my maat lief is.

Covid 19 reël: Was jou hande **omdat** dit jou veilig hou

Maak jou hart skoon van al jou sondes deur jou sondes te herken en dit te erken by God **omdat** jy ‘n verhouding met God wil hê. *1 Johannes 1:9*





Die boksgeveg:

Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het Jesus die hele tyd met allerhande vrae probeer uitvang. Dit was nie sommer onskuldige vrae nie. In die tyd van Jesus was daar iets soos strydgesprekke was as “boksgevegte” met woorde beskryf kan word. Die een wat die boksgeveg gewen het, het met die eer weggestap. Hy is dan as beter en slimmer as die ander beskou en die saak waarvoor hy gestaan het is dan as waar gesien. As jy dus die persoon met jou vrae op die punt kon kry waar hy homself vasgepraat het of nie geweet het wat om te sê nie, het jy hom verneder en sommer sy saak as verkeerd bewys. Die vrae is altyd so gevra dat die ander persoon homself in ‘n strik kon inpraat. Dit maak nie saak of die persoon ja of nee sê nie hy sou homself vaspraat. Dit is wat die Fariseërs met Jesus probeer doen het: hulle wou Hom diskrediteer en so wys dat sy boodskap nie waar is nie. Daarom vrae Jesus altyd ‘n teenvraag, wat die druk op die ander persoon geplaas het. Hule kon dan weer ‘n fout maak. Jesus het al sy strydvrae gewen, behalwe die een wat met die Siro- Fenisiese vrou wat vir Hom gesê het dat die hondjies (nie-Jode) ook van die krummels van die genade van God kan kry. Jesus het egter die strydvraag doelbewus verloor om die vrou kans te gee om haar geloof te bey.

Verkry uit die Bybel-kommetaar